2017/03/20
08:30 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2017/03/20	DATUM 2017/03/17			+ - WEEK GELEDE 2017/03/13		+ - MAAND GELEDE 2017/02/20		+ - JAAR GELEDE 2016/03/21	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	51.43	0.03	0.1%	51.40	-7.6%	55.68	-7.8%	55.81	24.0%	41.46
US$: ? ZAR	12.68	-0.060	-0.5%	12.74	-2.8%	13.05	-3.0%	13.07	16.9%	15.25
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 832.01	1	0.1%	R 1 830.65	* CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Mei +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 031.37	-10	-0.5%	R 2 040.98	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Mei +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 659.10	-36	-0.8%	R 4 695.19	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Mei +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn May '17	367.00	2.00	0.5%	365.00	-2%	374.00	0%	368.00	-1%	369.50
Wheat May '17	436.00	0.00	0.0%	436.00	1%	433.00	-1%	441.00	-7%	466.50
Soybean May '17	1000.00	-3.00	-0.3%	1003.00	-3%	1027.00	-3%	1032.00	11%	902.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Jul '17	3055	0	0.0%	3055	-3.0%	3150	-3.6%	3168	-16%	3650
WMAZ SPOT	2179	33	1.5%	2146	-8.0%	2369	25.9%	2940	54.2%	4762
YMAZ SPOT	2207	10	0.5%	2197	-4.2%	2303	21.2%	2802	33.7%	3330
SOY 50 SPOT	5270	0	0.0%	5270	10.7%	5900	12.9%	6050	16.4%	6306
SUN SPOT	4420	48	1.1%	4372	-2%	4490	-10%	4918	-43%	7800
WHEAT SPOT	4071	22	0.5%	4049	3%	3960	3%	3966	-12%	4605
OLIESADE	2017/03/17	Bron: Oilworld			2017/03/10		Feb 2016		Maart 2015	
Soya-oil, Arg.	700				-6%	748	-9%	769	4%	676
Soya-pell, Arg.	347				-1%	349	2%	339	-6%	368
Soybean, Brazil	412				-3%	425	0%	410	0%	410
USA Runner 40/50	1650				0%	1650	3%	1600	27%	1300
Sun-oil, Arg.	730				-1%	740	-3%	755	-9%	800
Sun-oil, Black Sea	730				-2%	743	-3%	750	-3%	750
Sunseed,Black Sea	390				-1%	395	-3%	400	-5%	409
Rapeseed, EU cif	446				0%	447	5%	425	12%	399
Palmk oil Mal, EU	1218				-3%	1260	-17%	1470	17%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark oorsig: Die rand verhandel vanoggend ongeveer 0.5% sterker teenoor die doller vanaf Vrydag 12:00 en verhandel teen R12.68/$. Die doller is steeds swakker teenoor meeste van die ander geldeenhede. Op die kommoditeitsfront het die Brent ru olieprys steeds effens gedaal tenspyte van die Amerikaanse olievoorraadvlakke wat vir die eerste keer in omtrent ’n jaar gedaal het. Die daling in die VSA voorraadvlakke is egter nie genoeg om ondersteuning aan die pryse te bied nie. Die Brent ru oliepryse verhandel vanoggend teen $51.43/vat. Die plaaslike mark sal more gesluit wees as gevolg van ’n openbare vakansiedag.

Sojabone: Die totale Suid Amerikaanse sojaboonproduksie word tans op ongeveer 177 miljoen ton geskat vir die seisoen. Dit is 5.2 miljoen ton meer as die vorige skatting van ’n maand gelede en ongeveer 14.4 miljoen ton meer as die produksie van verlede jaar. Die Suid Amerikaanse sojaboon verwerkings en uitvoere is besig om aansienlik vinniger plaas te vind hoofsaaklik as gevolg van die hoër voorraadvlakke wat daar gesien word. Die sojaboonverwerkings in die VSA het skerp gedaal gesurende Februarie na ’n geskatte 4.1 miljoen ton wat ’n 3 jaar laagtepunt is en ongeveer 2% minder as verlede jaar se vlakke. Die laer verwerkings van sojabone in die VSA is hofsaaklik as gevolg van die laer vraag na sojaboonolie wat gesien word in die VSA. In Meksiko is die verwagting dat die invoere van sojabone en sojaboon produkte relatief sterk behoort te bly met die lewendehawe industrie in Meksiko wat goeie groei toon groei die vraag na proteïenbronne in die veevoermark ook. Sojabooninvoere na beide Indonesië en Pakistan het die afgelope paar maande goeie groei getoon, met die invoere na Indonesië wat 11% hoër is as verlede jaar terwyl die geskatte invoere na Pakistan ’n rekord behoort te bereik tussen Mei 2016 en April 2017. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonpryse het verlede week hoofsaaklik laer verhandel en het die week Vrydag laer afgesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die versterking van die rand teenoor die Amerikaanse doller wat verlede week gesien was het ook grootliks bygedra tot die druk wat verlede week in die sojaboonmark gesien was. Die plaaslike sojaboonpryse het ook skerp onder die afgeleide sojaboonprys inbeweeg vir die eerste keer in ’n lang ruk. Die plaaslike sojaboon persmarge is ook positief vir die eerste keer sedert Junie 2016.

Sonneblom saad: Die uitvoere van sonneblom saad olie en meel vanuit Rusland het die verwagtinge oortref en het 174 000 en 163 000 ton onderskeidelik behaal in Januarie. Dit het die kumulatiewe uitvoere met 48% en 26% onderskeidelik laat toeneem in die tydperk vanaf September 2016 tot en met Januarie 2017. Turkye is tot dusver in die seisoen die voorste sonneblom saad en sonneblom saad produkte uitvoer bestemming. Groot hoeveelhede sonneblom olie was verskeep na Egipte en Iran, terwyl die EU ’n groot bestemming was vir sonneblom saad meel. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom saad mark het Vrydag effens sterker gesluit, maar het steeds hoofsaaklik laer verhandel vir die week en het Vrydag die week laer afgesluit as waarteen die mark Maandag oopgemaak het. Die plaaslike sonneblompryse het die afgelope tyd sterk onder druk gekom en verhandel laer as die uitvoerpariteitsprys.
Kanola: Die laer wêreld kanola voorraadvlakke en die sterker internasionale pryse wat daarmee gepaard gegaan het was grootliks die oorsaak dat die invoere na die Verenigde Arabiese Emirate skerp gedaal het en ’n 3 jaar laagtepunt bereik het. **Plaaslik:** In die nuutste NOK skatting wat die finale skatting vir wintergrane is, is die kanola produksie vir die seisoen onveranderd gelaat op 105 460 ton vir die seisoen.

Grondbone: Die Argentynse grondboon produksievooruitsigte vir die seisoen het verbeter en die verwagte produksie vir die seisoen is tussen 900 000en 950 000 ton. Dit is hoër as die 730 000 ton van verlede seisoen. Die hoër produksievooruitsigte is hoofsaaklik as gevolg van die meer gunstige weersomstandighede en die reënval wat tydig gekom het in die areas waar meeste van die grondbone geproduseer word. Die oes van grondbone behoort in die volgende maand te begin en die uitvoervoorraad sal ook toeneem met die nuwe oes wat inkom. **Plaaslik:** Die NOK het in hul eerste oesskatting vir somer grane vir die seisoen die plaaslike grondboon produksie op 88 175 ton geskat. Dit is amper 400% meer as verlede jaar se produksie wat gesien was.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.